

ARBITRASIE-REËLS VAN DIE AFRIKAANSE ARBITRASIE-GENOOTSKAP

1. WOORDBEPALING

In hierdie reëls, tensy uit die samehang anders blyk -

dra die volgende woorde die volgende betekenis -

“arbitrasie-ooreenkoms”: ‘n skriftelike ooreenkoms wat voorsiening maak vir die verwysing na arbitrasie van ‘n bestaande geskil of ‘n toekomstige geskil met betrekking tot ‘n aangeleentheid in die ooreenkoms vermeld, hetsy ‘n arbiter daarin genoem of aangewys word al dan nie;

“dag”: enige dag wat nie ‘n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie;

“Genootskap”: die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap, verteenwoordig deur sy besturende direkteur of deur ‘n ander persoon wat deur die bestuur van die Genootskap daartoe aangewys is;

“die hof”: ‘n Landdroshof of die Hooggeregshof van Suid-Afrika of enige hof daargestel of erken ingevolge artikel 166 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996;

“die Wet”: die Wet op Arbitrasie, 42 van 1965.

“lewer” of “aflewer”: die aflewering van afskrifte van tersaaklike stukke aan alle partye en aan die arbiter, asook die fisiese indiening van die oorspronklike by die Genootskap.

1.2 sluit woorde wat die manlike geslag aandui ook vroue in, sluit woorde wat die enkelvoud aandui ook die meervoud in, en woorde wat die meervoud aandui ook die enkelvoud in.

2. ALGEMEEN

2.1 Die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap (“die Genootskap”) is ‘n maatskappy sonder win sbejag wat hom beywer vir vinnige, doeltreffende en koste-doeltreffende arbitrasies onder sy beskerming. Die Genootskap is opgerig deur die Vereniging van Regslui vir Afrikaans (“VRA”) en dit handhaaf noue bande met die VRA.

2.2 Die Genootskap beywer hom vir die gebruik van Afrikaans as regstaal, maar enige nie-Afrikaanssprekende persoon is geregtig om die taal van sy keuse tydens arbitrasies te gebruik. Indien ‘n ander taal as Afrikaans of Engels gebruik word, moet die betrokke party ‘n geswore tolk beskikbaar stel om tydens die arbitrasie-verrigtinge die nodige tolkwerk te doen.

2.3 Die Genootskap stel ‘n paneel van kundige persone saam wat as arbiters kan optree.

- 2.4 Die Genootskap sal, volgens sy diskresie en ooreenkomstig die prosedures hierin uiteengesit, 'n arbiter of arbiters uit sy paneel aanstel om 'n geskil te besleg.
- 2.5 Die Genootskap en die VRA is gevry waar van aanspreeklikheid vir enige handeling of late met betrekking tot die arbitrasieverrigtinge wat ingevolge hierdie reëls plaasvind. Die Genootskap en die VRA sal ook geen aanspreeklikheid opdoen of enige regsplig teenoor enige van die partye of die arbiter hê nie met betrekking tot enige arbitrasie wat ingevolge hierdie reëls begin is maar nie afgehandel word nie. Geen arbiter wat voorsit by arbitrasieverrigtinge ingevolge hierdie reëls, sal aanspreeklik wees vir enige skade wat 'n party tot die verrigtinge mag ly nie, tensy opset of growwe nalatigheid aan die kant van die arbiter bewys kan word.
- 2.6 Navrae aan die Genootskap moet gerig word aan die Sekretaris van die Genootskap by die volgende adres, waar lewering van dokumente aan die Genootskap ook moet geskied:

Die Genootskap se e-pos adres is soos volg: admin@vra.co.za

Die adres en telefoonnommers van die Sekretaris is soos volg:

Posbus 11090
Queenswood
0121

Tel. nr. 012-333-6527

Faks nr. 086-592-5185

3. VOORGESTELDE KLOUSULES

- 3.1 Kontrakspartye wat enige toekomstige geskille ingevolge hierdie reëls na arbitrasie wil verwys, kan die volgende arbitrasie-klausule in hulle skriftelike kontrak invoeg:

“Enige geskil wat uit of in verband met hierdie kontrak ontstaan, sal verwys word na en finaal deur arbitrasie ingevolge die Reëls van die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap beslis word, welke reëls geag word by wyse van verwysing in hierdie klausule ingelyf te wees.”

- 3.2.1 Partye tot 'n bestaande geskil wat dit na arbitrasie ingevolge hierdie reëls wil verwys, kan soos volg skriftelik ooreenkom om dit te doen:

“Ons, die ondergetekendes, kom ooreen om die geskil of geskille wat blyk uit die pleitstukke wat tussen die partye gewissel word en uit die getuienis wat voor die arbiter gelewer sal word, ingevolge die Reëls van die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap na arbitrasie te verwys.”

- 3.2.2 Indien die partye ook oor die identiteit van die arbiter kan ooreenkom, kan 'n verdere klausule soos volg bewoord word:

“Die partye kom verder ooreen dat Mnr., wat 'n lid van die paneel van arbiters van die Genootskap is, deur die Genootskap as arbiter aangestel word om sodanige geskille te beslis.”

- 3.2.3 Indien die partye nie oor die identiteit van die arbiter kan ooreenkom nie, kan die verdere klousule soos volg bewoord word:

“Die partye versoek die Genootskap om ‘n geskikte arbiter uit sy paneel van arbiters aan te stel om sodanig geskille te beslis”

- 3.3.1. Hierdie reëls bepaal dat ‘n enkele arbiter aangestel sal word, tensy die partye anders ooreenkom. Die enigste ander moontlikheid is om drie arbiters aan te stel. Indien die partye drie arbiters wil aanstel, kan die volgende klousule toepaslik wees:

“Die arbitrasie-tribunaal sal bestaan uit die volgende drie arbiters wat aldie lede is van die Genootskap se paneel van arbiters”

- 3.3.2 Indien die partye nie oor die identiteit van die drie arbiters kan ooreenkom nie, kan die volgende klousule toepaslik wees:

“Die arbitrasie-tribunaal sal bestaan uit drie arbiters wat deur die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap uit sy paneel van arbiters aangestel sal word.”

- 3.4.1 Hierdie reëls bepaal dat die arbiter of arbiters se beslissing finaal en bindend sal wees, tensy die partye anders ooreenkom. Indien die partye vir appèl teen die arbiter of arbiters se beslissing voorsiening wil maak, kan die volgende klousule toepaslik wees:

“Die party teen wie die arbiter of arbiters ‘n toekenning maak, sal geregtig wees om ooreenkomstig die reëls van die Afrikaanse Arbitrasie-Genootskap teen sodanige toekenning te appelleer.”

- 3.4.2. Indien die partye ook oor die identiteit van die drie arbiters kan ooreenkom, kan ‘n verdere klousule soos volg bewoord word:

“Ons kom verder ooreen dat Mre en..... wat lede van die paneel van arbiters van die Genootskap is as arbiters sodanige appèl sal beslis.”

- 3.4.3 Indien die partye nie oor die identiteit van die drie arbiters kan ooreenkom nie, sal die klousule lui:

“Die partye versoek die Genootskap om geskikte lede van sy paneel van arbiters, aan te stel om sodanige appèl te beslis.”

4. TOEPASSING VAN DIE REËLS

- 4.1 Waar enige ooreenkoms, submissie of verwysing vir arbitrasie ingevolge hierdie reëls voorsiening maak, word dit geag dat die partye ooreengekom het dat die arbitrasie ingevolge hierdie reëls gevoer sal word, saamgelees met enige wysiging van die reëls wat voor die aanvang van die arbitrasie in werking getree het.

- 4.2 Hierdie reëls geld vir sover dit nie met die bepalings van 'n tersaaklike arbitrasie-ooreenkoms of die gebied ende bepalings van die Arbitrasiewet strydig is nie.
- 4.3 Enige geskil oor die betekenis of effek van hierdie reëls wat tydens die arbitrasieverrigtinge ontstaan, sal besleg word deur die arbiter wat in die betrokke verrigtinge voorsit.
- 4.4 Waar daar nie in hierdie reëls voorsiening gemaak word vir 'n tydsbepaling nie, sal die tydsbepaling gemaak deur die arbiter geld, tensy die partye anders ooreenkom.
- 4.5 Daar bestaan 'n reëlskomitee van die Genootskap wat die bevoegdheid sal hê om van tyd tot tyd hierdie reëls te wysig.

5. VERSOEK OM AANSTELLING VAN 'N ARBITER

- 5.1 Enige party wat 'n arbitrasie ingevolge hierdie reëls wil begin (hierna "die eiser" genoem) kan aan die ander party of partye (hierna "die verweerde" genoem) en die Genootskap 'n skriftelike Versoek om Arbitrasie (hierna "die Versoek" genoem) lewer wat die volgende moet insluit:
- 5.1.1 die name, fisiese adresse, telefoonnommers en e-posadresse van die partye tot die arbitrasie;
- 5.1.2 afskrifte van die kontraksdokumente waarin die arbitrasie-ooreenkomms vervat is;
- 5.1.3 'n kort samevatting van die aard en omstandighede van die geskil en van die aangevraagde regshulp, sonder dat dit op 'n uiteensetting van eis neerkom;
- 5.1.4 op welke gronde dit bevestig word dat die geskil ingevolge die arbitrasie-ooreenkoms bereikbaar is;
- 5.1.5 of die eiser versoek dat een of drie arbiters aangestel word, of hy 'n bepaalde arbiter of arbiters wat op die Genootskap se paneel verskyn, verkies en of hy die keuse van 'n arbiter aan die Genootskap oorlaat;
- 5.1.6 'n afskrif van die arbitrasie reëls van die Genootskap;
- 5.1.7 'n beraming van die aantal dae wat die arbitrasie sal duur, tesame met die redes vir sodanige beraming.
- 5.2 Die Versoek moet vergesel gaan van die betaling van 'n administrasiefooi, waarvan die bedrag van tyd tot tyd deur die Genootskap bepaal sal word.
- 5.3 Dit word geag dat die arbitrasie 'n aanvang neem op die datum waarop die Versoek aan die Genootskap gelewer word.
- 5.4 Ten einde die keuse van 'n arbiter of arbiters te vergemaklik, kan die verweerder binne 15 dae na ontvangs van die Versoek, 'n Antwoord (hierna "die Antwoord" genoem) aan die eiser en die Genootskap lewer waarin hy -
- 5.4.1 die bewering van die eiser in die Versoek erken of ontken of meet teenwerping erken, sonder dat dit op 'n verweerskrif neerkom;

- 5.4.2 kortliks die aard en omstandighede van enige beoogde teeneise uiteensit, asook die gronde waarop dit beweerd word dat sodanige teeneise ingevolge die arbitrasie-ooreenkoms beregbaar is;
- 5.4.3 kommentaar lewer (insluitend erkenning van enige ooreenkoms) in antwoord op enige versoek van die eiser met betrekking tot die aantal arbiters of die aanstelling van 'n bepaalde arbiter of arbiters en sy keuse daaromtrent vermeld, asook, met betrekking tot die eiser se skatting van die aantal dae wat die arbitrasie sal duur, en die verweerder se skatting daarvan tesame met die redes vir sodanige skatting.
- 5.5 Indien die verweerder versuim om op die eiser se Versoek te antwoord, sal dit verweerder nie verhoed om later die eiser se eis te ontken of om 'n teeneis in te stel nie, maar die verweerder sal as gevolg van sodanige versuim geag word om afstand te gedoen het van sy reg om enige inset te lewer met betrekking tot die keuse van die arbiter.
- 5.6 Die verweerder, of die verweerdere gesamentlik, moet tesame met sy (of hulle) Antwoord, 'n administrasie-fooi, die bedrag waarvan deur die Genootskap van tyd tot tyd bepaal sal word, aan die Genootskap betaal. Die eiser kan, by verstek van betaling deur die verweerder, die bedrag wat deur die verweerder betaalbaar is, betaal.
- 5.7 Alvorens die Genootskap die aanstelling van 'n arbiter kan oorweeg, moet die volgende dokumente tot sy beskikking wees:
- 5.7.1 die Versoek en die Antwoord, as daar 'n Antwoord is, asook enige tersaaklike korrespondensie;
- 5.7.2 'n bewys dat die Versoek en die Antwoord aan die onderskeie partye gelewer is;
- 5.7.3 besonderhede van enige metode of kriteria van verkiesing van die arbiter waarop die partye ooreengekom het;
- 5.7.4 bewys van betaling van die administrasie-fooi deur die eiser en verweerder.

6. OOREENGEKOME ARBITER NIE BESKIKBAAR

Indien die arbiter of arbiters op wie die partye ooreengekom het, nie beskikbaar is om die arbitrasie te behartig nie, stel die Genootskap die partye daarvan in kennis en nooi hulle uit om binne 'n bepaalde tyd op 'n ander arbiter of arbiters op die Genootskap se panel ooreen te kom, en deel hulle mee dat by gebreke daaraan, die Genootskap die aanstelling volgens sy keuse sal doen.

7. WEIERING OM 'N ARBITER AAN TE STEL

Die Genootskap kan, in die uitoefening van sy diskresie, weier om 'n arbiter of arbiters aan te stel. In so 'n geval sal die Genootskap die administrasiefooi aan die party of partye wat dit betaal het, terugbetaal.

8. AANSTELLING VAN ARBITER

- 8.1 Indien die partye dit eens is wie as arbiter aangestel moet word, en onderhewig aan reël 8.3, kan die Genootskap, in sy diskresie, sodanige persoon as arbiter aanstel, mits sy naam op die Genootskap se paneel verskyn.
- 8.2 Indien die partye dit nie eens is oor wie as arbiter aangestel moet word nie, en onderhewig aan reël 8.3, kan die Genootskap, in sy diskresie, 'n arbiter uit die Genootskap se paneel aanstel.
- 8.3 Indien die Genootskap tevrede is –
- 8.3.1 dat die geskil *prima facie* deur 'n arbiter van die Genootskap se paneel arbitreerbaar is;
- 8.3.2 dat die administrasiefooi betaal is; en
- 8.3.3 dat die vereistes van die reëls nagekom is,
- stel die Genootskap 'n arbiter of arbiters aan.
- 8.4 Waar daar geen ooreenkoms bereik is oor die aantal arbiters nie, stel die Genootskap 'n enkele arbiter aan. Indien die partye nie ooreengekom het wie hulle as arbiter of arbiters verkies nie, doen die Genootskap die aanstelling volgens sy keuse.
- 8.5 Indien enige arbiter na sy aanstelling sterf, of nie in staat is om op te tree nie, of weier om op te tree, sal die Genootskap op versoek van 'n party 'n ander arbiter ooreenkomstig reëls 8.1 tot 8.4 aanstel.
- 8.6 Die arbiter moet te alle tye regverdig en onpartydig optree.
- 8.7 Indien enige party of die Genootskap dit aanvra, moet die voorgestelde arbiter aan die Genootskap 'n opsomming van sy vorige en huidige professionele aktiwiteite beskikbaar stel, wat deur die Genootskap aan die partye beskikbaar gestel sal word.
- 8.8 Indien enige party of die Genootskap dit versoek, moet die arbiter 'n verklaring onderteken dat daar geen omstandighede bestaan wat moontlik aanleiding kan gee tot gegronde twyfel oor sy onpartydigheid nie, en dat hy onmiddellik sodanige omstandighede aan die partye sal bekendmaak indien so-iets na sodanige ondertekening maar voordat die arbitrasie afgehandel is, sou ontstaan.
- 8.9 Wanneer die arbiter deur die Genootskap aangestel is, verwittig die Genootskap hom en die partye daarvan, stuur aan die arbiter die lêer en deel hom mee dat hy ingevolge reël 10 met die arbitrasie mag voortgaan.

9. ARBITER HANDEL MET JURISDIKSIONELE GESKILLE

- 9.1 Waar 'n verweerder ontken dat hy 'n party tot 'n arbitrasie-ooreenkoms is, of dat sodanige ooreenkoms geldig en afdwingbaar is, of dat die eis gedek word deur sodanige ooreenkoms, of 'n verweerder by 'n teeneis

betwis dat die teeneis deur sodanige ooreenkoms gedek word, word 'n arbiter volgens hierdie reëls aange stel om sod anige geskille te oorweeg en te besluit of hy sal voortgaan met die arbitr asie al dan nie, en, indien hy sou besluit om daarmee voort te gaan, dit te doen.

9.2 Geen aansoek na 'n hof ten opsig te van enige sodanige geskil, of te n opsigte van enige ander aangeleentheid in geskil in arbitrasieverrigtinge wat plaasvind onder beskerming van die Genootskap, sal die voortsetting van die arbitrasieverrigtinge raak nie, behalwe tot die mate waarin 'n hof op aansoek anders beslis.

9.3 Enige party tot sodanige arbitrasie verrigtinge wat van so 'n hofaansoek bewus is, moet die Genootskap en die arbiter daarvan in kennis stel.

10. VOORTSETTING VAN DIE ARBITRASIE

10.1 Nadat die arbiter aangestel is en voordat hy enige taak met betrekking tot die arbitrasie verrig, moet hy die Genootskap so spoedig moontlik skriftelik in kennis stel hoelank die arbitrasie, na sy skatting, sal duur en hoe sy voorgestelde gelde saamgestel en bereken word.

10.2 Die Genootskap kom, namens die partye, met die arbiter ooreen –

10.2.1 oor sy voorgestelde gelde; en

10.2.2 oor sy skatting van die duur van die arbitrasie.

10.3 Sodra die Genootskap en die arbiter aldus ooreengekom het, stel die Genootskap die partye daarvan in kennis dat hulle voor of op 'n seker datum die arbiter se gelde in gelyke dele by die Genootskap moet inbetaal, en dat as een party versuim om dit te doen, die ander party dit kan doen sodat die verrigtinge kan voortgaan.

10.4 Sodra die Genootskap die betaling van die arbiter se gelde ontvang het, magtig die Genootskap die arbiter en gee hom opdrag om met die verhoor van die arbitrasie voort te gaan.

10.5 Indien die Genootskap en die arbiter nie oor die gelde en/of die duur van die arbitrasie ooreen kan kom nie, stel die Genootskap met eenstemmigheid van die partye, in die plek van die eerste arbiter 'n tweede arbiter aan, maar indien geen eenstemmigheid hieroor bereik kan word nie, stel die Genootskap 'n tweede arbiter na goeddunke aan en verwittig die partye, die eerste en tweede arbiters van sodanige aanstelling. Daarna word die prosedure vermeld in reëls 10.2, 10.3 en 10.4 herhaal.

10.6 Indien dit blyk dat die arbitrasie langer gaan duur as die oorspronklik geskatte duur daarvan, of dat die arbiter se voorbereidingskoste meer beloop as wat hy aanvanklik geskat het, moet die arbiter onmiddellik die Genootskap daarvan in kennis stel en moet hy die oorspronklik geskatte duur van die arbitrasie of sy voorbereiding nie oorskry nie. Indien nodig moet die verrigtinge uitgestel word.

10.7 Die arbiter moet in so 'n geval, in ooreenstemming met die partye, die verdere duur van die verrigtinge of sy bykomende voorbereidingskoste skat en die

Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel, asook wat sy gelde sal beloop om die verrigtinge te voltooi en 'n toekenning te maak.

- 10.8 Die Genootskap kan namens die partye met die arbiter ooreenkom oor sy gelde en die verdere geskatte duur van die arbitrasie.
- 10.9 Nadat die Genootskap en die arbiter aldus ooreengekom het, word die prosedure herhaal soos in reëls 10.3 en 10.4 bepaal.
- 10.10 Sodra die Genootskap die verdere betaling van die arbiter se gelde ontvang het, magtig die Genootskap die arbiter en gee hom opdrag om met die arbitrasie voort te gaan.
- 10.11 Indien dit blyk dat die arbitrasie korter sal duur of geduur het as die geskatte tydperk, betaal die Genootskap enige oortollige gelde oor aan die partye op 'n *pro rata* basis met instemming van die partye en die Genootskap.
- 10.12 Sodra voorgaande prosedures nagekom is, kan die arbiter op die tyd en plek soos deur hom bepaal met die arbitrasie voortgaan nadat redelike kennis daarvan aan die partye gegee is.

11. VOOR-ARBITRASIE BYEENKOMS

- 11.1 Sodra 'n arbiter aangestel is en die prosedures van reël 10 nagekom is, moet die arbiter 'n voor-arbitrasie byeenkoms reël met die doel om:
- 11.1.1 te bepaal of die partye dit eens is dat die arbiter die nodige bevoegdheid het om die arbitrasie te besleg;
- 11.1.2 te bepaal wanneer die eiser en verweerder hulle onderskeie pleitstukke moet lewer en of nader besonderhede vir doeleindes van pleit of voorbereiding vir verhoor gelewer moet word en indien wel, wanneer;
- 11.1.3 te bepaal waar en wanneer die arbitrasie gaan plaasvind en die duur van elke sessie;
- 11.1.4 reëlins te tref in verband met die samestelling van 'n gesamentlike bundel van dokumente, wie dit gaan opstel en tye te reël vir die lewering daarvan;
- 11.1.5 te bepaal op welke wyse die getuienis opgeneem gaan word en wie daarvoor verantwoordelik sal wees;
- 11.1.6 te bepaal of die toekenning onderhewig aan 'n appèl sal wees;
- 11.1.7 enige ander aspek of voorstel te bespreek wat nodig mag wees vir 'n spoedige verhoor;
- 11.1.8 blootlegging van dokumente, onder eed of andersins, te bepaal.

- 11.2 Die partye moet self betaal vir die perseel waar die arbitrasie plaasvind en vir die opname en transkripsie van die verrigtinge van die arbitrasie.
- 11.3 Die partye kan enige van die aangeleenthede gemeld in reël 16 tydens hierdie byeenkoms opper.

12. EISER SE UITEENSETTING VAN EIS

Tensy anders ooreengekom, moet die eiser binne 10 dae nadat die voor-arbitrasie byeenkoms gehou is, sy uiteensetting van eis aan die verweerder, die arbiter en die Genootskap lewer.

Die uiteensetting van eis moet die aard van die eis bevat, die regsgevolgtrekking wat die eiser geregtig sal wees om af te lei van die feite daarin vermeld, en 'n bede om die verlangde regshulp.

Wanneer meerdere afsonderlike regsvoorvordinge elk op afsonderlike feite berus, moet die vordinge en feite afsonderlik aangegee word.

Die uiteensetting van eis moet ook vol doen aan die vereistes van pleitstukke in die algemeen.

13. DIE VERWEERDER SE VERWEERSKRIF

Tensy anders ooreengekom, moet die verweerder binne 10 dae nadat die eiser se uiteensetting van eis aan hom gelewer is, sy verweerskrif aan die eiser, die arbiter en die Genootskap lewer.

Die verweerder moet in sy verweerskrif al die wesentliche feite wat in die uiteensetting van eis beweer word, erken of ontken of met teenwerping erken of meld welke van genoemde feite nie erken word nie en in watter mate, en duidelik en bondig alle wesentliche feite aangee waarop hy steun.

Elke feitebewering in die uiteensetting van eis wat nie in die verweerskrif uitdruklik ontken of erken word nie, word geag erken te wees. As 'n verduideliking of kwalifisering van 'n ontkenning nodig is, moet dit in die verweerskrif vermeld word.

'n Verweerder wat 'n teeneis in stel, moet die wesentliche feite waarop dit steun tesame met sy verweerskrif aflewer. Die teeneis moet vol doen aan die vereistes van reël 12.

'n Verweerskrif en teeneis moet ook voldoen aan die vereistes van pleitstukke in die algemeen.

14. EISER SE VERWEER OP DIE TEENEIS EN REPLIKASIE

Tensy anders ooreengekom, moet die eiser binne 10 dae na lewering van die teeneis sy verweerskrif lewer in ooreenstemming met die voorskrifte van reëls 13 en 15, asook 'n replikasie op die verweerder se verweerskrif.

'n Replikasie of daarop volgende pleitstuk wat 'n blote ingedingingtrekking of blote ontkenning van die bewering in die vorige pleitstuk sou wees, is onnodig en ingedingingtrekking word veronderstel.

15. PLEITSTUKKE IN DIE ALGEMEEN

Elke pleitstuk word deur 'n party of sy regsvertegenwoordiger onderteken.

Die titel van die eis wat die name van die partye bevat, en die nommer daaraan deur die Genootskap toegeken, moet bo-aan elke pleitstuk verskyn, met dien verstande dat waar die partye talryk is of die titel lank en 'n verkorting redelik moontlik is, dit verkort moet word.

Elke pleitstuk word in paragrawe (insluitende sub-paragrawe) verdeel wat agtereenvolgens genommer word en wat elk, sover moontlik, 'n afsonderlike bewering bevat.

Elke pleitstuk bevat 'n duidelike en bondige stelling van die wesenlike feite waarop die eis, verweer of antwoord, na gelang van die geval, berus, in voldoende besonderhede om die teenparty in staat te stel om daarop te antwoord.

Wanneer 'n party in 'n pleitstuk 'n feitebewering in die vorige pleitstuk ontken, moet hy die wesenlike punt beantwoord en nie ontwyk nie.

'n Party wat in sy pleitstuk op 'n kontrak steun, moet meld of die kontrak skriftelik of mondeling was en wanneer, waar en deur wie dit gesluit is.

Dit is nie nodig om in 'n pleitstuk die omstandighede te meld waarvan 'n beweerde stilswyende bepaling afgelei kan word nie.

'n Eiser wat skadevergoeding eis, moet die skade so uiteensit dat die verweerder redelik in staat is om die kwantum daarvan te skat.

16. VERDERE VOOR-ARBITRASIE BYEENKOMS

Indien die arbiter of albei die partye dit verlang, kan die arbiter 'n verdere voor-arbitrasie byeenkoms belê met die oog daarop om een of meer van die volgende aspekte te oorweeg en/of te beslis, naamlik of:

die gesamentlike bundel, deur die eiser of die verweerder opgestel, in orde is en of enige dokumentasie daaraan toegevoeg moet word;

daar enige geskille is wat op enige wyse opgehelder, beperk en/of afgehandel kan word voor arbitrasie;

enige punte *in limine* voor arbitrasie besleg moet word;

enige wysiging aan enige pleitstuk aangebring moet word;

enige aspekte van die geskil summier deur die arbiter beslis kan word;

'n lys van getuies en 'n opsomming van hul getuienis deur die partye uitgeruil moet word;

die geskil moontlik op dokumente beslissings kan word sonder die aanhoor van getuienis;

enige ander aspek oor weeg kan word wat die arbitrasie so spoedig as moontlik tot 'n einde sal bring.

17. BEVOEGDHEDE VAN DIE ARBITER

17.1 Die arbiter sal kragtens hierdie reëls bevoeg wees om:

17.1.1 'n beslissing te maak ten aansien van alle prosedurekwessies, insluitende blootlegging van dokumentasie, wie die onus dra, wie met die lei van getuienis moet begin, die wysiging van pleitstukke, tussentydse bevels, die verlenging of inkorting van enige tyd vir die lewering van pleitstukke, die skeiding van verhore of om oor enige ander prosedure-aangeleentheid te beslissings;

17.1.2 enige geskil oor die arbiter se bevoegdheid om op te tree, wat voor of tydens die arbitrasieproses mag ontstaan, te besleg;

17.1.3 enige regspraak wat tydens 'n arbitrasie mag ontstaan, vir 'n regsmening na 'n advokaat te verwys;

17.1.4 enige eis, verweer of tereis deur te haal waar enige party nie betyds voldoen aan enige tydsbepalings in hierdie reëls vermeld nie;

17.1.5 op versoek van die partye of indien hy dit self nodig ag, enige regspunt of punt *in limine* te besleg alvorens daar met die arbitrasie voortgegaan word;

17.1.6 indien hy dit nodig ag, en in oorleg met die partye, een of meer deskundige getuies aan te stel om enige aspek wat deskundige kennis verg, te ondersoek en om daaroor verslag te doen aan die arbiter en getuienis onder eed daaromtrent te gee;

17.1.7 toe te laat dat ander partye tot die arbitrasieverrigtinge gevoeg word;

17.1.8 aan enige party kondonasie te verleen vir die nie-nakoming van tydperkvereistes of enige van hierdie reëls;

17.1.9 'n finale toekenning te maak ten aansien van alle geskille wat voor hom/hulle geplaas word, insluitende geskille wat gevoegde partye raak;

17.1.10 by wyse van 'n bevel te bepaal welke party of partye vir die betaling van koste aanspreeklik sal wees en teen welke skaal;

17.1.11 enige ander beslissing te gee wat onder die omstandighede reg en billik sal wees.

18. WAAR DRIE ARBITERS AANGESTEL IS

- 18.1 Waar drie arbiters aangestel is om 'n geskil te besleg, sal, by verdeling tussen hulle, die beslissing van twee die beslissing van die tribunaal uitmaak.
- 18.2 Indien daar in so 'n geval nie 'n meerderheidsbeslissing is nie, is die beslissing van die voorsitter of, ingeval geen voorsitter aangestel is nie, die senior arbiter in terme van ervaring se beslissing die beslissing van die tribunaal.
- 18.3 Die senior arbiter, in terme van ervaring, sal voorsit by die verrigtinge.

19. ONBEVOEGDHEID VAN DIE ARBITER, BEËINDIGING VAN DIE ARBITER SE DIENSTE EN AANSTELLING VAN VERVANGENDE ARBITER

- 19.1 Waar 'n arbiter, na afhending van die voor-arbitrasie blyenkom, van mening is dat hy om een of ander rede nie onafhanklik of onpartydig is nie, of om een of ander rede nie bevoeg is om met die arbitrasie voort te gaan en dit af te handel nie, moet hy die Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel.
- 19.2 Sodanige skriftelike kennisgewing moet ook aan die Genootskap gegee word in die geval waar die arbiter, nadat 'n arbitrasieproses begin het, bewus word van sodanige onbevoegdheid.
- 19.3 Sodra die Genootskap sodanige kennisgewing van die arbiter ontvang, stuur die Genootskap 'n afskrif daarvan aan beide partye met die versoek om binne 7 dae daarop kommentaar te lewer. Indien enige van die partye beswaar daarteen het dat die arbiter met die arbitrasieproses voortgaan, sal die Genootskap 'n ander arbiter aanstel.
- 19.4 Waar nie een van die partye beswaar het teen die arbiter op grond van die gewaande onbevoegdheid nie, sal die arbitrasieverrigtinge voortgaan onder gemelde arbiter.
- 19.5 Waar 'n arbiter, om welke rede ookal, onbevoeg is om met 'n arbitrasieverrigting voort te gaan, of waar 'n arbiter hom aan 'n gedrag onttrek, kan die Genootskap 'n vervangende arbiter aanstel met die samewerking van die partye en, indien geen eenstemmigheid hieroor bereik kan word nie, stel die Genootskap 'n arbiter na goedgehoorde aan.
- 19.6 Sodanige vervangende arbiter sal dieselfde bevoegdhede hê as die oorspronklik aangestelde arbiter en sal hy insa hê in alle getuies, transkripsies en blootgelegde dokumente. Hy mag verder versoek dat 'n getuie of getuies wat reeds getuig het, teruggeroep word om getuie te lewer en kan dan met die arbitrasieverrigtinge voortgaan tot die afhandeling daarvan.

20. SEKURITEIT VIR KOSTE

- 20.1 Die arbiter kan gelas dat enige party wat 'n eiser of 'n eiser in rekonvensie is, sekuriteit vir koste binne 'n bepaalde tyd moet lewer tot die bedrag wat die arbiter mag goedvind.
- 20.2 Die arbiter mag die arbitrasieverrigtinge staa k tot tyd en wyl sodanige koste betaal is.
- 20.3 Indien die party wat gel as is om binne 'n bepaalde tyd sekuriteit vir koste te lewer, sonder goeie rede versuim om dit te doen, kan die arbiter daardie party se eis afwys, voort gaan met die arbitrasie en 'n fin ale toekenning maak.

21. VERTEENWOORDIGING VAN PARTYE

- 21.1 Enige party kan homself verteenwoordig tydens 'n arbitrasieverrigting en enige party, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n regs persoon, kan verteenwoordig word deur 'n regsverteenvoorder wat daartoe gemagtig is.
- 21.2 Indien enige party by wyse van 'n kennisgewing gelewer aan die ander party, die arbiter en die Genootskap, di e magtiging van so 'n party se regsverteenvoorder betwis, moet die ander party binne 5 dae na lewering van sodanige kennisgewing, skrift elike bewys van sodanige magtiging aan sy teenparty, die arbiter en die Genootskap lewer.
- 21.3 Indien daar steeds 'n geskil oor sodanige magtiging be staan, sal die arbiter dit beslis.

22. VERSTEK

- 22.1 Waar die eiser of die verweerder nie sy uiteensetting van eis of verweerskrif binne die voorgeskrewe tydperk lewer nie, kan die arbiter bepaal dat die verrigtinge beëindig word, waar die eiser in versuim is, of bepaal dat die verrigtinge voortgaan in die verweerder se afwesigheid, waar die verweerder in versuim is, en 'n toekenning maak.
- 22.2 Waar enige party, nadat die nodige kennis aan hom gegee is, versuim om die arbitrasieverrigtinge by te woon, mag die arbiter met die arbitrasie voortgaan en 'n toekenning maak.
- 22.3 Indien enige party versuim om dokumentasie behoorlik bloot te lê of op enige ander wyse versuim om aan hierdie reëls te voldoen, kan die arbiter op aansoek van die verontregte party gelas dat hy binne 'n bepaalde tydperk sodanige versuim moet reg stel of, by gebreke daarvan, dat sy eis of verweer geskrap word en dat verdere regshulp aan die verontregte party verleen word.

23. GETUIENIS VAN DESKUNDIGE GETUIES

- 23.1 Geen party sal geregtig wees om enige persoon te roep as 'n deskundige getuie nie, behalwe met verlof van die arbiter of die toestemming van al die partye, tensy hy -
- 23.1.1 nie later nie as 15 dae voor die verhoor van die arbitrasie kennis gegee het van sy voorneme om dit te doen; en
- 23.1.2 nie later nie as 10 dae voor sodanige verhoor 'n opstelling van die deskundige se menings en die redes daarvoor afgelewer het.

24. OPROEP VAN GETUIES, OPNAME VAN GETUIENIS EN REKORD VAN VERRIGTINGE

- 24.1 Die bywoning van getuies om getuienis te gee en/of boeke, dokumente of sake voor die arbiter te lê, kan deur enige van die partye versoek word deur gebruikmaking van die prosedure voorgeskryf in artikel 16 van die Wet.
- 24.2 Die partye kan, voor die arbitrasieverrigtinge, ooreenkom oor die opname van mondelinge getuienis en die hou van rekord van die verrigtinge. By gebrek aan sodanige ooreenkoms moet die arbiter die wyse van opname van getuienis en die hou van rekord van die verrigtinge in oorleg met die partye bepaal.

25. VERTROULIKHEID VAN VERRIGTINGE

- 25.1 Vertroulikheid van die arbitrasieverrigtinge word te alle tye gehandhaaf tensy al die partye tot die arbitrasie anders ooreengekom het.
- 25.2 Die arbiter kan op aansoek van enige party enige persoon wie se teenwoordigheid nie rederlikerwys by die arbitrasieverrigtinge benodig word nie, van die verrigtinge uitsluit en beveel dat hy die arbitrasielokaal verlaat.

26. SKIKKINGSVOORSTELLE EN TENDERS

- 26.1 In enige arbitrasie waarin 'n bedrag geld geëis word, mag enige party teen wie die eis gebring is, te enige tyd voor die publikasie van die arbiter se finale toekenning, 'n aanbod maak om 'n gedeelte of die geheel van die eisbedrag te betaal.
- 26.2 Kennisgewing van sodanige aanbod sal gegee word aan al die partye tot die arbitrasieverrigtinge en sal die volgende aspekte behandel:
- 26.2.1 of die aanbod onvoorwaardelik gemaak word, of sonder benadeling van regte, as 'n aanbod om te skik;
- 26.2.2 of die aanbod gemaak word by wyse van 'n skikking van beide die eis en koste of slegs ten opsigte van die eis en of die aanbod ten opsigte van koste alle koste of slegs 'n gedeelte van die koste insluit.

- 26.3 Die party aan wie die aanbod gemaak word, sal geregtig wees om binne 10 dae na ontvangs van die skriftelike aanbod, die party wat die aanbod maak, skriftelik in kennis te stel dat die aanbod aanvaar word, by gebrek e waarvan die aanbod sal verval.
- 26.4 Geen aanbod wat sonder benadeling van regte gemaak is, sal aan die arbiter geopenbaar word te enige tyd voor 'n finale toekenning gemaak word nie. Geen verwysing na sodanige aanbod sal in enige lêer van die Genootskap verskyn of in enige dokument wat aan die arbiter verskaf word nie.
- 26.5 Die feit dat 'n aanbod gemaak is in gevolge die bepalings van hierdie reël, mag onder die arbiter se aandag gebring word nadat 'n toekenning gemaak is, synde relevant te wees ten aansien van die kwessie van koste.
- 26.6 Waar die arbiter 'n finale toekenning gemaak het en 'n kostebevel gemaak het sonder kennis van die aanbod, kan die party wat die aanbod gemaak het, binne 5 dae nadat die kostebevel gemaak is, die arbiter versoek dat die kwessie van koste weer behandel word in die lig van die aanbod.

27 DIE TOEKENNING

Sodra die Genootskap aan die arbiter sy gelde betaal het en nie later nie as 20 dae nadat getuienis en argument afgehandel is, maak die arbiter 'n skriftelike toekenning en voorsien sodanige toekenning tesame met volledige redes daarvoor, aan beide partye of hulle regsverteenwoordigers.

28 REGSTELLING VAN 'N TOEKENNING

- 28.1 Nadat 'n toekenning gemaak is, sal die arbiter geregtig wees om sy toekenning reg te stel en/of te wysig, hetsy op aansoek van een of beide partye of op eie inisiatief, ten einde enige redaksionele of ander fout of enige onsekerheid of dubbelsinnigheid in die toekenning reg te stel of om enige addisionele toekenning te maak indien dit nodig mag blyk te wees.
- 28.2 Indien die arbiter van voorneme is om uit eie inisiatief 'n toekenning te wysig of reg te stel, moet die partye of hulle regsverteenwoordigers ten minste 5 dae kennis gegee word om enige verhoë te rig indien hulle dit nodig ag.
- 28.3 Die arbiter moet binne 5 dae nadat sodanige verhoë gerig is, die gewysigde toekenning lewer.

29. APPËLLE

- 29.1 Die partye kan skriftelik ooreenkom dat 'n party die reg sal hê om teen die toekenning van die arbiter te appelleer, in welke geval die bepalings van hierdie reël sal geld:

- 29.1.1 kennisgewing van appèl teen 'n toekenning moet binne 10 dae nadat sodanige toekenning gelewer is, skriftelik by die Genootskap aangeteken word met betaling van die administrasiefooi wat van tyd tot tyd deur die Genootskap voorgeskryf word;
- 29.1.2 die kennisgewing moet duidelik die gronde van appèl uiteensit en aandui of appèl teen die hele uitspraak of toekenning of 'n deel daarvan aangeteken word;
- 29.1.3 die kennisgewing moet ook aan die ander partye tot die arbitrasie en die arbiter afgelewer word.
- 29.2 As gevolg van die aflewering van die kennisgewing word die toekenn ing van die arbiter van eerste instansie opgeskort hangende die beslissing van die appèltribunaal, tensy die arbiter van eerste instansie op aansoek van 'n belanghebbende anders gelas. In so 'n geval geld die reëls met betrekking tot die arbiter se gelde *mutatis mutandis*.
- 29.3 Enige party tot 'n arbitrasie aan wie 'n kennisgewing van appèl afgelewer word, het die reg om binne 5 dae nadat die kennisgewing aan hom afgelewer is, 'n kennisgewing van teenappèl aan die appellant, ander partye tot die arbitrasie, die Genootskap en die arbiter af te lewer. Die bepaling van die reëls is *mutatis mutandis* op die teenappèl van toepassing insluitend die betaling van 'n administrasiefooi wat die kennisgewing van 'n teenappèl moet vergesel.
- 29.4.1 Die appellant is verplig om sekuriteit te stel vir die respondent se koste van appèl.
- 29.4.2 Indien die partye nie oor die omvang van sodanige koste ooreen kan kom nie, bepaal die Genootskap die omvang daarvan.
- 29.4.3 Binne 5 dae nadat die omvang van sodanige koste bepaal is, moet die appellant daarvoor sekuriteit stel.
- 29.5.1 Die partye kan skriftelik ooreenkom welke drie persone uit die Genootskap se paneel die arbitrasiepaneel sal uitmaak.
- 29.5.2 Vir sover die partye nie oor die arbiters kan ooreenkom nie, stel die Genootskap uit sy eie paneel arbiters aan.
- 29.6 Die Genootskap kan namens die partye met die arbiters ooreenkom oor hulle voorgestelde gelde ten opsigte van die appèl.
- 29.7 Indien die Genootskap met een of meer van die arbiters nie hieroor kan ooreenkom nie, stel die Genootskap, met eenstemmigheid van die partye, 'n ander arbiter of arbiters uit sy paneel aan in die plek van die oorspronklike arbiters, maar indien geen eenstemmigheid hieroor bereik kan word nie, stel die Genootskap 'n ander arbiter of arbiters na goeddunke aan en verwittig al die betrokkenes van sodanige aanstelling. Die prosedure van die vorige sub-reël word met betrekking tot die nuut-aangestelde arbiter of arbiters herhaal.
- 29.8 Sodra die Genootskap en die arbiters oor hulle gelde ooreen gekom het, stel die Genootskap die partye in kennis dat hulle voor of op 'n sekere dag

die arbiters se gelde in gelyke dele by die Genootskap moet inbetaal, en dat as een van die partye sou versuim om dit te doen, die ander party dit kan doen sodat die appèl kan voortgaan.

- 29.9 Sodra die Genootskap betaling van die arbiters se gelde ontvang het, magtig die Genootskap die arbiters en gee aan hulle opdrag om met hulle voorbereiding en die aanhoor van die appèl voort te gaan.
- 29.10 Die Genootskap bepaal, in oorleg met die arbiters en die partye, 'n datum, tyd en plek vir die aanhoor van die appèl en lig die partye en die arbiters dienooreenkomstig in.
- 29.11.1 Ten minste 20 dae voor die aanhoor van die appèl moet die appellant aan die arbiters en die ander partye tot die arbitrasieverrigtinge elkeen 'n kopie van die oorkonde, insluitend die toekenning en alle relevante dokumente besorg.
- 29.11.2 By ooreenkoms tussen die partye kan ontwarsaaklike dele van die oorkonde weggelaat word, met dien verstande dat 'n lys van sodanige dokumente deel van die oorkonde uitmaak.
- 29.11.3 Die appellant of sy verteenwoordiger moet sertifiseer dat dié oorkonde in alle opsigte 'n ware en korrekte weergawe van die arbitrasieverrigtinge is.
- 29.12 Ten minste 10 dae voor die aanhoor van die appèl moet die appellant en die respondent wat 'n teenappèl geloods het, hulle hoofde van argument ten opsigte van die appèl en die teenappèl onderskeidelik, aan die arbiters, die Genootskap en die ander partye lewer.
- 29.13 Ten minste 5 dae voor die aanhoor van die appèl moet die respondent en die appellant wat 'n teenappèl teëstaan, hulle hoofde van argument aan die arbiters, die Genootskap en die ander partye lewer.
- 29.14 Die appèltribunaal is bevoeg om die toekenning te handhaaf, te wysig of ter syde te stel of na die arbiter terug te verwys vir heroorweging en om sodanige bevel ten opsigte van koste te maak as wat hulle reg en billik ag.
- 29.15 Sodra die Genootskap aan die arbiters hulle gelde betaal het, voorsien die appèltribunaal hulle uitspraak aan die partye of hulle verteenwoordigers en maak hulle toekenning aan hulle bekend.
- 29.16 Die beslissing van die appèltribunaal is finaal en bindend op die partye en word geag die toekenning deur die arbiter in eerste instansie te wees.

30. TYDSBEREKENING

- 30.1 Waar hierdie reëls enige tydperk voorskryf, sal sodanige tydperk bereken word met uitsluiting van Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae.
- 30.2 Waar 'n aantal dae na aflewering van 'n dokument voorgeskryf word, loop daardie dae vanaf die dag nadat sodanige aflewering geskied het.

31. DIE WYSE VAN AFLEWERING VAN PLEITSTUKKE, DOKUMENTE EN ANDER KENNISGEWINGS

- 31.1 Die oorspronklike van alle pleitstukke of ander dokumente en kennisgewings, tesame met aanhangsels, sal in 'n getikte vorm aan die Genootskap afgelewer word tesame met 'n bewys dat 'n kopie daarvan aan elkeen van die ander partye, asook aan die arbiter, afgelewer is.
- 31.2 Alle pleitstukke, dokumente en ander kennisgewings sal óf fisies afgelewer word aan die ander party of partye en aan die arbiter óf andersins by wyse van faksimilee óf elektroniese pos [e-pos]; met dien verstande dat indien aflewering per hand geskied, die handtekening van die persoon aan wie en datum waarop dit afgelewer word daarop verskyn en, indien toepaslik, die stempel van sodanige party daarop aangebring is. Indien aflewering by wyse van faksimilee of elektroniese posversending geskied, moet 'n uitdrukking wat voorgee die ander party se faksnommer of e-posadres daarop te bevat, tesame met die datum en tyd waarop dit versend en ontvang is, aan die Genootskap oorhandig word. Indien voormelde aangeheg is by die oorspronklike pleitstuk, ander dokument of kennisgewing wat by die Genootskap ingedien is, sal dit *prima facie* as bewys dien van die aflewering daarvan.
- 31.3 Aflewering van pleitstukke, dokumente of ander kennisgewings sal slegs geldig wees indien dit ooreenstem met die adres wat 'n eiser voorsien het in sy versoek tot arbitrasie, of sodanige ander adres as wat hy daarna skriftelik aan die Genootskap meegedeel het.
- 31.4 In geval van die aflewering van pleitstukke, dokumente of ander kennisgewings aan 'n verweerder, of aan 'n derde party wat as party gevoeg is in die betrokke arbitrasieverrigtinge, moet sodanige pleitstukke, dokument of ander kennisgewings persoonlik aan sodanige verweerder of derde party afgelewer word; met dien verstande dat die volgende as voldoende bewys van aflewering geag word:
- 31.4.1 In geval die verweerder en/of derde party 'n minderjarige of 'n regsonbevoegde persoon is, persoonlike aflewering aan sy voog, kurator of 'n persoon wat in 'n soortgelyke verhouding is met sodanige minderjarige of onbevoegde persoon;
- 31.4.2 indien hy 'n *domicilium citandi et executandi* gekies het, aflewering by sodanige adres, bevestig met 'n beëdigde verklaring van die eiser of 'n gevolmagtigde namens die eiser dat dit aldus afgelewer is;
- 31.4.3 in geval van 'n korporasie of maatskappy, aflewering per hand, bevestig met 'n beëdigde verklaring van die eiser of 'n gevolmagtigde namens die eiser dat dit aldus afgelewer is, of versending per geregistreerde pos na sodanige korporasie of maatskappy se geregistreerde adres of sy hoofplek van besigheid;
- 31.4.4 waar die verweerder of derde party 'n firma of 'n vennootskap of 'n vrywillige vereniging is, fisiese aflewering daarvan, bevestig met 'n beëdigde verklaring van die eiser of 'n gevolmagtigde namens die eiser dat dit aldus afgelewer is, of versending daarvan per aangeteekende pos na die hoofplek van die besigheid of die eienaar van sodanige firma of die

voorsitter of sekretaris of komitee of bestuursliggaam van sodanige vereniging;

- 31.4.5 waar 'n verweerder of 'n derde party 'n sentrale, provinsiale of plaaslike owerheidsliggaam of 'n statutêre raad is, fisiese aflewering daarvan, bevestig met 'n beëdigde verklaring van die eiser of 'n gevolmagtigde namens die eiser dat dit aldus afgelewer is, of versending per aangetekende pos aan die uitvoerende hoof van sodanige regeringsliggaam of statutêre liggaam.
- 31.5 In geval waar 'n verweerder of 'n derde party toegestem het om in die arbitrasieverrigtinge gevog te word en aan die Genootskap 'n adres, insluitende fisiese adres, posadres, faksnommer, en elektroniese posadres voorsien het, dan mag sodanige pleitstukke, dokumente of ander kennisgewings na enige sodanige voormelde adres of faksnommer of elektroniese posadres gestuur word en is 'n handtekening waarmee ontvangs erken is of faksversendingsbladsy met die datum en tyd en die faksnommer waarheen dit versend is, of die elektroniese posversendingsbladsy met die datum en elektroniese posadres waarheen dit versend is, *prima facie* bewys van sodanige versending.
- 31.6 Aflewering van sodanige pleitstuk, dokument of ander kennisgewing sal geag word tot die ander party se kennis te gekom het op die datum waarop dit ingevolge die voorafgaande subreëls aan die ander party afgelewer is. By versending per aangetekende pos, sal dit geag word dat dit tot die ander party se kennis gekom het 5 dae na sodanige versending. Dit sal ook geag word dat, indien aflewering aan 'n ander persoon geskied as aan die verweerder of derde party self en indien 'n party sertifiseer dat sodanige persoon verklaar het dat hy op datum van aflewering in beheer is by sodanige party se woonadres, werksadres, geregistreerde kantoor of enige ander plek wat die party aldus gekies het, dat sodanige party dit ontvang het.

32 ALGEMEEN

- 32.1 Indien enige party in verstek is om sy deel van die gelde te betaal, kan enige ander party sodanige geldebetalen te eniger tyd 'n aansoek aan die arbiter rig om sodanige party te beveel om die gelde aan hom terug te betaal op sodanige voorwaardes en heffing van rente as wat die arbiter bepaal.
- 32.2 Indien die partye dit verlang, kan hulle in die geval van geskille van beperkte omvang of wat spoedeisende afhandeling vereis, skriftelik ooreenkom dat die arbiter gemagtig word om 'n aktiewe inkwisitoriese rol in die arbitrasie van die geskil te vervul en/of dat die reëls van bewysleer nie sal geld nie, met dien verstande dat die beginsels van natuurlike geregtigheid deurlopend gehandhaaf sal word.